**Vrydag 17 Junie**

**Skrifgedeelte: Lukas 23:13-25; HK Sondag 15, Antwoord 38**
**Fokusgedeelte: Lukas 23:22**

## Die onskuldige Christus sterf in ons plek as skuldige

Dat Christus onskuldig was aan die aanklagte teen Hom, het reeds duidelik geblyk. Pilatus verklaar uitdruklik: "*Ek het in Hom niks gekry wat die doodstraf regverdig nie*" (Luk. 23:22). Desondanks veroordeel hy Jesus tot die kruisdood. Tog word in hierdie sondige daad van Pilatus God se raadsplan vervul. Christus moes immers as onskuldige deur die wêreldlike regter veroordeel word, want alleen so kon Hy ons bevry van die streng oordeel van God wat oor ons moes kom. As Christus werklik skuldig was en as sodanig veroordeel was, sou Hy nie ons skuld kon dra en ons met God kon versoen nie. Daarom moes Hy amptelik veroordeel word terwyl Hy onskuldig was sodat Hy ons skuld kon dra. Met ander woorde, God maak Hom, die onskuldige, om ons ontwil skuldig en laai die las van ons sondes op Hom. So kon Hy in ons plek gestraf word en ons van skuld en straf vrygespreek word. Paulus stel dit baie duidelik: "*Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees*" (2 Kor. 5:21). Bo en agter die regterstoel vanwaar 'n sondaarmens gebrekkig en onregverdig regspreek, staan die regterstoel van die ewige God. Daarvandaan fel Hy sy oordeel regverdiglik oor die Middelaar op Wie al ons sondes gelaai is. Jesus Christus is in ons plek as sondaar behandel en God Self kom na Gabbata, waar Pilatus se regsterstoel gestaan het, om sy eniggebore Seun, wat met ons sonde en skuld belaai is, tot die dood te veroordeel. So het, soos Petrus dit stel, Christus as onskuldige vir die skuldiges gely om ons met God te versoen (1 Pet. 3:18). Hier vind die wonderlike ruil (Luther) plaas. Christus het ons plek ingeneem en ons ontvang wat Hy verwerf het. Ons vryspraak vind plaas omdat Hy vir ons God se oordeel gedra het. Hy het vir ons versoening bewerk toe Hy in ons plek gely en gesterf het. So het God van die wandaad van Pilatus gebruik gemaak om sy eie raadsplan uit te voer, omdat Hy Christus nie soos Pilatus as 'n gewone mens aangesien het nie, maar as ons Borg en Middelaar. In en deur Pilatus se onregverdige oordeel spreek God sy regverdige oordeel uit oor Christus as draer van ons sondes. Jesus Christus Self was gewillig om, terwyl Hy onskuldig was, as skuldige in ons plek gestraf te word omdat Hy ons innig liefgehad het en ons ewige redding en verlossing wou bewerk. So het Hy sy geweldige liefde vir ons geopenbaar. Uit dankbaarheid en wederliefde moet ons nou daarop antwoord met 'n lewe wat aan Hom toegewy is.